

'n Man van vele talente

Hermanus SMC

Tiny traveller

Kalfiefee 5 - 10 Augustus

en die winner is.....

Boesmanskivier Enduro - laat die stof so staan



"Sowat 85 motorfietsryers het aan ons opwindende enduro-wedren op die plaas Boesmanskivier by Baardskeerdersbos deelgeneem," vertel Francois de Wet. "Dit was 'n enorme sukses en 'n gesellige dag wat deur almal geniet is."

Francois het die baan uitgelê en, in samewerking met Kobus Kroon van die Western Cape Off-road Club (WCOC), die spesiale dag aangebied. Hy sê hulle hoop om die enduro 'n jaarlikse instelling te maak. Die dag het uitstekend verloop, met trose wenners wat uit die stryd getree het. 'n Gesellige atmosfeer het by die begin- en eindpunte geheers, terwyl opgewonde toeskouers die wedren gade geslaan het. Verskeie kleurvolle tente het verder tot die feestelike atmosfeer bygedra.

Die onderskeie klasse waarin deelgeneem is, was Club Open, Club 85, Club Master, Club HS (Hoërskole), Club Quad, Club 200, Seniors en Club 65. Die wenners in die onderskeie klasse was soos volg (aantal rondtes en tyd in hakies):
 Christian Vosloo (6, 03:23:36); Liam Janse van Noordwyk (4, 02:08:35); Nicol Smit (7, 03:28:54); Quiron Weyers (3, 02:11:23);
 Jeandré Radyn (7, 03:16:54); Donovan Jacobs (6, 02:03:55);
 Heinrich Primic (6, 03:09:31); Wehahn du Plessis (7, 03:23:37).

Francois het ook verwys na 'n Fun Enduro wat moontlik teen die einde van Augustus 2026 aangebied sal word. Hierdie byeenkoms is 'n oop klas en is bedoel vir gesinne wat die dag rustig op hul motorfietse wil deurbring - met piekniekmandjies, stopplekke en genoeg tyd om die roete teen hul eie pas te geniet. "Dit is egter nie sommer net 'n oop deelname vir die publiek nie, maar sal op 'n georganiseerde basis aangebied word, met voorafbespreking," het Francois gesê.

Die Western Cape Off-road Club (WCOC) is 'n geaffilieerde klub van Motorsport South Africa (MSA) wat veldrenmotorfiets- en vierwielmotorfiets (quad)-kompetisies regoor die Wes-Kaap aanbied. Die klub bied gestruktureerde junior- en seniorkampioenskappe aan en is toegewy aan veilige, professionele en gesinsvriendelike veldrenbyeenkomste waar ryers van alle ouderdomme en vaardigheidsvlakke kan deelneem.

Die Gans-Berg Nuus sal lesers op hoogte hou van verdere verwikkelinge in hierdie verband. Vir navrae kan Francois de Wet by 082 610 8460 gekontak word.

Hardus Botha

The Gans-Berg Nuus / News is committed to bringing you news that is relevant and truthful. We undertake to adhere to the press Code of Ethics and Conduct of the of the South African Print and Online Media. All printing material received is the responsibility of the contributor who is required to check and approve artwork and material.

Die Gan-Berg Nuus / News is daartoe verbind om nuus wat relevant en waar is, aan u te bring. Ons onderneem om ons te hou by die Perskode vir etiek en gedrag van die Suid-Afrikaanse Druk en Aanlynmedia. Die drukwerk wat ontvang word, is die verantwoordelikheid van die bydraer wat die kunswerk en materiaal moet nagaan en goedkeur.

All rights reserved. No part of Gans-Berg Nuus / News may be reproduced or used in any manner without written permission from the owner.

Alle regte voorbehou. Geen deel van Gans-Berg Nuus / News mag op enige manier gereproduceer of gebruik word sonder skriftelike toestemming van die eienaar nie.



Gans-Berg News subscribes to the Code of Ethics and Conduct for South African Print and Online Media that prescribes news that is truthful, accurate, fair and balances. If we don't live up to the Code, within 20 days of the date of publication of the material, please contact the Public Advocate at 011 484 3612, fax: 011 484 3619. You can also contact our Cas@okhanyim@ombudsman.org.za or lodge a complaint on our website: www.presscouncil.org.za

MEET the team

OFFICE: 028 205 0100
Whatsapp: 066 225 4282



MICHELLE VAN ZYL
OWNER / ADVERTISING
MICHELLE@GANSBERG.CO.ZA / 078 010 8286



MELISSA VAN ROOYEN
GRAPHIC DESIGNER / DESIGN@GANSBERG.CO.ZA
EDITORIAL CONTENT / INFO@GANSBERG.CO.ZA



HARDUS BOTHA
JOURNALIST
INFO@GANSBERG.CO.ZA / 082 766 0484



TRACY HULME
ADMIN ASSISTANT
TRACY@GANSBERG.CO.ZA / 076 672 6282



JANINE WILLIAMS
ADVERT REPRESENTATIVE
JANINE@GANSBERG.CO.ZA / 072 931 1431



ERIKA SCHREPPERS
ADVERT REPRESENTATIVE
ERIKA@GANSBERG.CO.ZA / 072 489 9733

Tony Haultzhausen: 'n Man van vele talente

"Wanneer ek iets sien wat my interesseer, wil ek dit doen en lei ek myself op om dit behoorlik te doen," is Tony Haultzhausen (71) van De Kelders se lewensleuse - 'n man van vele talente en lewenservaring - te veel om hier op te noem - en 'n toonbeeld van deursettingsvermoë. "Verder is 'n saak vir my of reg en vinnig gedoen, of glad nie."

Tony en Marietjie is op 1 Maart 1975 in Nelspruit, Mpumalanga, in die huwelik bevestig. Die egpaar het twee kinders: Helgaard, wat op 1 Desember 2022 oorlede is, en George (47). Hulle spog met vier kleinkinders en een agterkleinkind. In 2009 het hulle alles verkoop en na De Kelders verhuis. Hier het hulle vinnig bekend geraak toe hulle in dieselfde jaar De Kelders Bakkerij gekoop het - "vir 'n aftreewerk"! Hy het die bakkerij op 1 September 2009 oorgeneem en, soos hy dit stel, "as 'n leek" begin bedryf. Op grond van sy boukennis, nadat hy voorheen twee huise self gebou het, het hy verskeie verbeterings aan die gebou aangebring en ook nuwe produkte bekend gestel. Hy het selfs 'n slaghuysafdeling bygevoeg. Tony is ook besonder musikaal en het onder meer die trompet (van 13-jarige ouderdom af), saxofoon en mandolien leer bespeel. As jongman het hy musiekklasse bygewoon, met konserte gehelp en selfs sy eie dansorkes gehad.

In 2000 is Tony met skildklierkanker gediagnoseer en sy skildklier is verwyder. Die kanker het later na die limfkliere versprei en hom verskeie kere by die dood laat omdraai. Om egter te gaan lê en vir die ergste te wag, was nooit deel van sy plan nie. Op 1 April 2017 het Tony die bakkerij, ná bykans agt jaar, verkoop, maar het steeds aan die gang gebly - ondanks sy gesondheidsuitdagings. Tans verwerk hy vleis en maak op kleinskaal heerlike wors, iets waarmee hy reeds tydens sy dae by De Kelders Bakkerij begin het.

Binne kerkgeledere van die NG Kerk, waar hy tans as leierouderling: Kommunikasie dien, is hy voortdurend met sy uitgebreide rekenaarkennis besig. Hy het die uitsending van eredienste op die been gebring deur self die nodige toerusting te installeer. Verder hanteer hy rekenaarprobleme in die kerkkantoor, sorg vir die ontwerp en uitleg van die kerkalmanak,



Tony en Marietjie Haultzhausen.



Tony (met lang hare) en Marietjie Haultzhausen op hul trouedag in 1975.



Tony in sy 'rekenarsentrum' vanwaar hy eredienste beeldsend.

hou die webtuiste in stand en verrig talle ander take. Vir die NG-gemeente is Tony 'n ware aanwinst, al kan hy soms streng wees - 'n taak word ordentlik en vinnig gedoen, anders is daar "pêre"!

Tony is op 8 Februarie 1955 in Pretoria gebore, maar het in Barberton grootgeword, waar hy in 1972 gematrikuleer het. Daarna het hy aan Pretoria Technikon 'n driejaardiploma in Telekommunikasie verwerf. "Ek moes my studieskuld by die Pos- en Telekommunikasiewese oor 'n tydperk van tien jaar terugwerk," vertel hy. Daarna het hy by Measurex as 'n *Field Engineer* aangesluit, waar hy verantwoordelik was vir die proseskontrole van rekenaarstelsels. "In 1987 het ek besluit om op my eie te

gaan en 'winkel-winkel' te speel," vertel hy glimlaggend. Hy het saam met Marietjie vir twee jaar, tot 1989, onderskeidelik Tony's Kitchen en haar wegneemete-onderneming in Frankfort bedryf.

Later het Tony as tegnikus by Siemens aangesluit, maar is gou bevorder tot assistent-onderhoudsbestuurder en daarna installasiebestuurder, 'n pos wat hy tot 1995 beklee het. Daarna het hy as verspreider en subkontraakteur vir Siemens opgetree, met nog subkontraakteurswerk wat gevolg het. "Maar eintlik was ek van toe af 'unemployed'," skerts hy. Wanneer daar tyd is, geniet Tony fotografie en musiek as stokperdjies. Soos reeds gesê - inderdaad 'n man van vele talente.

Hardus Botha

Toekomstige sjefs en kelners wys hul staal

'n Verskeidenheid gaste is persoonlik deur Hannett van Deventer, onderwyser in Gasvryheidstudies by Gansbaai Academia, genooi om die Gr 12-studente se viergang-middagete te assesseer. Die ete is onder haar waaksame oog voorberei en bedien, terwyl die leerders deur Maryke de Villiers, vakadviseur van die Overberg Onderwysdistrik, geëvalueer is.

Die gaste is vriendelik buite die restaurant ontvang en afsonderlik na hul tafels begelei, waar stoele hoflik vir hulle uitgetrek is. Elke tafel het 'n persoonlike kelner gehad wat netjies geklee was en flink gereed gestaan het om diens te lewer. Alkoholvrye verwelkomingsdrankies is bedien, terwyl die tafels professioneel gedek was, met eetgerei, blomme en 'n netjies getikte spyskaart - soos 'n mens dit in 'n hotel sou verwag.

Die professionele viergang-spyskaart het die volgende smaaklike disse ingesluit: *Hors d'Oeuvre - Vol-au-Vents* met spinasie- en fetavulsel; as voorgereg *Patat- en gemmersop* met focaccia-driehoek; as hoofereg *Blindevinke, aartappel-rösti* en roerbraaigroente; en as nagereg *Sjokolade Bavarois*, waarna tee of koffie bedien is.

Die kelner by die Gans-Berg Nuus se tafel het homself as Zusange voorgestel - 'n aangename

jongman wat aan die gaste vertel het dat hy graag eendag 'n toneelspeler wil word. Hy het ontspanne en natuurlik met die gaste gesels, sonder om dit te oordoen, en dadelik en flink gereageer wanneer iemand iets benodig het.

Twee groepe leerders was onderskeidelik op Dinsdag en Woensdag, 28 en 29 Julie 2026, verantwoordelik vir die voorbereiding van die kos en die bediening van die gaste - altesaam 35 Gr 12-leerders: Dinsdag: 1 x *Maître d'Hôtel* (hoofkelner); 1 x drankkelner; 1 x *Chef de Cuisine*; 1 x *Aboyeur*; 9 x sjefs; 6 x kelners. Woensdag: 1 x *Maître d'Hôtel* (hoofkelner); 1 x drankkelner; 1 x *Chef de Cuisine*; 1 x *Aboyeur*; 6 x sjefs; 6 x kelners.

Met die geurige en smaaklik voorbereide ete, die flink en vriendelike bediening en die ontspanne atmosfeer wat geheers het, kan Hannett met reg trots wees op haar studente. Die Gans-Berg Nuus vertrou dat Maryke tydens haar evaluering dieselfde indruk gekry het en dat die leerders daarvoor met uitstekende punte beloon sal word.

Hardus Botha



Maryke de Villiers (vakadviseur, Overberg Onderwysdistrik) en Hannett van Deventer (onderwyser).



Gans-Berg Nuus se tafel met gaste Anita Botha, Marlene van Rooyen en Judith Vorster, saam met hul flink en netjiese kelner, Zusange (links).



Van links om die tafel: Sibongelen (kelner), Jennifer Jacobs (gas), Hannett van Deventer (onderwyser), Catharina Fortuin (skoolhoof), Wilton Phillips (adjunkhoof) en Samuel Jacobs (gas).

FYNBOS POLE DEPOT

C/O ALL SAINT & ROTHMAN STREET - BREDASDORP
20 MIMOSA STREET - HERMANUS

E-mail: headoffice@fynbospoles.co.za
Website: www.fynbospoles.co.za

PINPOLES - TAPER (CCA H4)
DROPPERS & LATHS (CCA H3)
WOODCHIPS AND SHAVINGS

GARDEN EDGING

FIREWOOD

Office: 028 384 1587 / Cell: 082 895 5949



GROENEWEIDE

082 301 9041

Restaurant en Kwekery

8h00-16h00 (naweke: 8h00-14h30)

Selfsorg Akkommodasie

www.groeneweide.co.za

Speelpark en Plaasdiere

Voer die diere

Drumming Circle

Every 2nd Saturday of the month - 12h00

"Die Hangkas"

Events Venue

Hekelgroepie

Elke Woensdag 10h00

Hiking Trail

5km



Overberg Scaffold & Machine Hire



Verhuring van alle boutoerusting:

Sementmengers, Kompakteerders, Bore, Kragopwekkers, Brekers (Breakers)

Verskillende soorte Steierwerk (scaffolding)

Hoëdruk spuittoestelle vir die skoonmaak van mure en dakke.

Industriële Sirkel, Industriële Area Gansbaai

Tel/Faks: 028 384 0189

Fanie Bothma

Sel: 083 296 2676



GERHARD RAS PROKUREUR

LPC Praktyk No 75244 geleë te Ingangstraat 59, De Kelders, 7220

BENODIG U 24/7 PROKUREURSDIENSTE

Gerhard Ras Prokureurs is gereed om u by te staan met u regsprobleme!

Ons kan u onder andere help met:

- verdediging teen strafregtelike vervolging (borg aansoek, verteenwoordiging in hof, vertoeë aan Vervolgingsgesag)
- siviele gedinge (interdikte, egskedings en skakings-ooreenkomste, uitsellings, beskermingsbevele, kontrakte en -dispute, skodevergoeding eise instel en verweer, onderhoud -kwessies, toesig, voorhuwelikse kontrakte, testamente, oprigting van trusts, mediasie, arbitrasie)
- arbeids-aangeleenthede (wangedrag ondersoek, werkgever / werknemer dispute, dissiplinêre verhoor en -vertteenwoordiging, CCMA verweerskrifte)
- regering aangeleenthede (rekening dispute, eiendom waardasie dispute, buregkete kwessies, verteenwoordiging in munisipale hof, COIDA appelle, eienaarskap dispute HOP hulse)

Skakel gerus vir Gerhard Ras (BA BHons MPA LLB) by 067 344 8520 vir deeglike en bekostigbare regshulp of stuur 'n epos aan gerhard@graslaw.co.za of besoek sy webtuiste by <https://graslaw.co.za> om 'n afspraak te maak.



450kg doppies vir 'Journey of Hope'

"Gansbaai is reeds 'n paar jaar besig met 'n herwinningsprojek waar plastiekdoppies versamel word," het Marina van Dyk die *Gans-Berg Nuus* meegedeel. Die doppies word by die Vrydagmark (Pretoriussaal) ingedien, terwyl Liesbet Kondokter doppies in Blompark versamel en Susan du Toit doppies in Franskraal



Gansbaai se laaste besending van 450kg doppies.



oplaai. "Die jongste besending het 450 kg beloop," vertel Marina.

Die doppies word deur die vrou gesorteer en daarna per kilogram aan 'n plastiekerwinningsmaatskappy verkoop. Die fondse word aangewend vir die *Journey of Hope*-program van Straatwerk in Kaapstad. Straatwerk is 'n nie-winsgewende organisasie wat verskeie uitreikprogramme vir haweloses, mishandelde en ander kwesbare mense aanbied.

"Die *Journey of Hope*-program is 'n rehabilitasieprogram wat daarop gemik is om vroue wat kies om die leefstyl van prostitusie te verlaat, te ondersteun," het Marina gesê. "Die



Liesbet Kondokter - Blompark.

program fokus op geloof, persoonlike berading en vaardigheidsontwikkeling om die vroue toe te rus sodat hulle die arbeidsmark kan betree."

Die gemeenskap word hartlik uitgenooi om by hierdie projek betrokke te raak. 'n Woord van opregte dank gaan aan almal wat reeds plastiekdoppies versamel. Die kontakpersone vir enige navrae is Dirk (emerituspredikant) en Marina van Dyk. Hulle kan by 082 528 8864 geskakel word.

Hardus Botha



Susan du Toit - Franskraal.

There is only
one name to remember

NASHCA
FUNERALS

**Cremation Services • Funeral Services
Funeral Insurance • Tombstones**

64 Dirkie Uys Street, Sandbaai, Hermanus: 028 316 1659
57 Main Road, Kleinmond: 028 271 4971
Bothma Centre, 57 Main Road, Gansbaai: 028 384 0251
7 Queen Victoria Street, Stanford: 028 341 0134

082 322 0874

Be Part of our September & December Holiday Guide



Book your advert space!

Contact: Janine 072 931 1431 / Erika 072 499 5211

'Winter Warmth Run' verwarm harte in Pearly Beach



Welkom Winter Warmth Run is onlangs ten bate van die inwoners van Pearly Beach Oord deur Francois Kotze, eienaar van die Visgat Pub in Pearly Beach, en Elzette Bester gereël. "Ons het dit in samewerking met die Hermanus Social Motorcycle Club gedoen," vertel Francois. Elzette voeg by: "Die motorfietsryers met hul groot harte vir liefdadigheid het sommer ook agt sakke tweedehandse klere saamgebring, wat ons aan die BARC-winkel geskenk het."

"Die motorfietsryers van Hermanus kom gereeld op Sondag hier



by ons kuier, en Elzette het op die idee gekom om hulle, soos 'n vorige keer, te vra om donasies vir die inwoners van Pearly Beach Oord te bring," het François gesê. Onder meer is komberse, mussies, handskoene en toiletware vir die projek geskenk. Die uitstekende samewerking van almal wat betrokke was, het daartoe bygedra dat die projek 'n groot sukses was.

Die Gans-Berg Nuus het al by verskeie geleenthede berig oor motorfietsklubs wat nie huiwer om liefdadigheidsprojekte te inisieer of volhartig te ondersteun nie - manne en vroue met oop hande en ruim harte wat graag 'n verskil in hul gemeenskappe maak.

Elzette spreek ook haar opregte dank uit teenoor die volgende borge: Jacques en Val van Cape Geomatics Landmeters, Hermanus Social Motorcycle Club, Macs Familia Overberg, Macs Swellendam en The Syndicate. "Dit was 'n voorreg om saam met julle te kon werk om ons medemens te help," het sy bygevoeg.

Hardus Botha



Bayview t-Herholdt

furniture • appliances • linen



Friendly Service, Superior Quality
Extensive Collection

WE DELIVER!

16 Dirkie Uys Street | Gansbaai

028 384 0358 079 928 3542

Top Carpets And Floors



Trusted Professionals
Expert Installations.

VINYL. LAMINATES. RUGS. BLINDS. GRASS

3 Kort Street | Hermanus | 028 313 0721

AJ BANDEDIENSTE

DUNLOP

- Tire Installation
- Wheel Balancing
- Flat Tire Repair
- Tire Pressure

CONTACT US
072 918 9197
0280540037

ajtyresoverstrand@gmail.com



HAVE A STORY YOU WANT TO SHARE:

Hardus: 082 786 0494 Email: info2@gansberg.co.za



A Tiny Traveller from the Southern Ocean



Indeed, a tiny traveller from the Southern Ocean - and an extremely rare visitor to the Greater Dyer Island Ecosystem. On Friday, 24 July 2026, a message popped up on the Whale Whisperer whale-watching vessel group chat: "Possible diving petrel." For avid birders like Marine Dynamics CEO Wilfred Chivell, marine biologist Sandra Hoerbst, and skippers Hennie Odendal and Hennie Otto, the message sparked instant excitement. They were absolutely elated and immediately made plans to photograph the tiny visitor.

What makes this little bird so extraordinary?

The bird was identified as a Common Diving Petrel (*Pelecanoides urinatrix*), one of the Southern Ocean's smallest and most remarkable seabirds. Measuring just 19 to 23 centimetres in length and weighing between 120 and 200 grams - about the weight of a small apple - it is perfectly adapted for life at sea. Despite its tiny size, it is an exceptional diver, using its short wings almost like flippers to "fly" underwater in pursuit of prey. It feeds primarily on krill, copepods, amphipods and other small crustaceans, as well as tiny fish and squid, diving

repeatedly beneath the surface in search of food. Above the water, it flies low and fast over the waves with rapid, whirring wingbeats and rarely glides. When disturbed, it is more likely to dive beneath the surface than take to the air, making it surprisingly difficult to observe.

These birds breed on remote islands scattered throughout the Southern Ocean, including South Georgia, the Prince Edward Islands, Crozet, Kerguelen, New Zealand, Tasmania and islands off southern Chile. Outside the breeding season, they disperse widely across the cold, nutrient-rich waters of the Southern Ocean, often travelling hundreds or even thousands of kilometres between feeding and breeding grounds while spending almost their entire lives at sea.

What makes this sighting so exciting is just how rarely Common Diving Petrels are recorded from mainland South Africa. According to the 2022 scientific paper, *First Record of a Common Diving Petrel (Pelecanoides urinatrix) from Continental Africa, and a Summary of Diving Petrel Distribution in the Southern*



Ocean, by Peter G. Ryan, Vincent L. Ward and Susan M. Miller, the first confirmed record from continental Africa occurred only in March 2021, when a deceased Common Diving Petrel was found on a beach near Cape Town. The authors note that these birds are typically found 1,500 to 2,000 kilometres southwest of Cape Town during March, while other populations occur even farther south in Antarctic waters. Their appearance along the South African coastline remains exceptionally uncommon.

For birders, the Common Diving Petrel is a species that many hope to see but few are fortunate enough to encounter. For scientists, each observation contributes to a better understanding of seabird distribution and oceanic ecosystems. Every trip offers the possibility of something unexpected, and this tiny seabird proves that even the smallest wildlife encounters can become unforgettable moments.

(Article shortened: Hardus Botha)

Christine Wessels, Marine Dynamics

Advertise with **GANS-BERG NEWS** Your trusted local newspaper in Gansbaai and the Overberg



REACH LOYAL LOCAL READERS
Get your message in front of an engaged community.



PROMOTE YOUR PRODUCTS & SERVICES
Increase awareness and drive customer interest.



BUILD YOUR BRAND IN THE COMMUNITY
Be seen. Be remembered. Be a part of what.



Connecting businesses with the people who matter most.

Book your space today!



Contact Janine



072 931 1431



janine@gansberg.co.za

Kalfieees: Die hartklop van 'n gemeenskap

Vir baie besoekers is die Kalfieees sinoniem met uitstekende teater, musiek en kuns. Maar die hart van die fees klop nie net op die verhoog nie – dit leef in die gemeenskap wat dit jaar ná jaar dra. Die Kalfieees is veel meer as ses dae van kuns en kultuur. Dit is 'n gemeenskapsfees.

Vir 26 jaar lank bou die fees nie net aan 'n kunstefees nie, maar ook aan mense. Agter elke produksie en elke uitverkoopte vertoning lê maande se beplanning, vennootskappe en projekte wat daarop gemik is om die Overstrand-gemeenskap te versterk en geleenthede te skep waar dit die nodigste is.

Hierdie toewyding kry gestalte in projekte soos **OnseBlues**, waar **Illimar Neitz**, stigter van die **SA Blues Society**, saam met die Kalfieees se gemeenskapsontwikkelingsfonds 'n platform skep waar jong talent uit die Overstrand – onder meer die **Zwelihle Young Brothers**, **Straat Stem** en **Die Gansies** – deur mentorskap, musiek en storievertelling hul eie stem kan ontdek. Onder leiding van Illimar Neitz, **Luna Paige** en **Hester Finberg**, Feesdirekteur van die Kalfieees, ontvang hulle intensiewe mentorskap in bluesmusiek, liedjieskryf, kitaarspel en sang. Die eindresultaat is veel meer as 'n konsert. Dit is oorspronklike Afrikaanse bluesmusiek wat uit egte lewenservarings gebore word – eerlik, rou en diep gewortel in die Overstrand.

Die fees se betrokkenheid strek egter veel verder.

In 2025 het kunstenaars van Hermanus en die omliggende gebied hul talent op houtblokkies uitgeleef. **Cecile Walters**, dryfkrag agter die **KunsKuber-projek**, het elke blokkie daarna verder verryk met 'n skryfuitdaging. Die blokkies is tydens die Kalfieees uitgestal, waarna die opbrengs van die stilveiling aan **Creative Space** geskenk is.

Met die **2026 KunsKuber-projek** word plaaslike kunstenaars weer genooi om unieke kunswerke te skep waarvan die opbrengs terugvloei na kunsontwikkeling vir kinders en jongmense. Die projek vier kreatiwiteit, maar skep terselfdertyd nuwe geleenthede vir die volgende geslag kunstenaars. Besoekers word aangemoedig om die kunsroetes te volg, soveel moontlik KunsKuber-blokkies by galerye en uitstallings te ontdek en só deel van die projek te word.

Die **Hermanus Biblioteek**, in samewerking met die Kalfieees, speel ook 'n sentrale rol. Benewens die feit dat feesgangers daar hul kaartjies kan koop, dien die biblioteek as die tuiste van **Kalfie Boeke** – 'n geliefde ruimte waar skrywers, lesers en uitgewers jaarliks ontmoet om idees, stories en gesprekke te deel. Die biblioteek se bekroning as die **Wes-Kaapse Openbare Biblioteek van die Jaar** getuig van dieselfde gemeenskapsgees wat die Kalfieees nastreef.

Die fees ondersteun ook talle plaaslike organisasies en gemeenskapsinisiatiewe wat daarop gemik is om 'n blywende verskil in die Overstrand te maak. Deur vennootskappe met gemeenskapsorganisasies en toegewyde vrywilligers bou die Kalfieees doelbewus brúe tussen kuns, gemeenskapsontwikkeling en maatskaplike betrokkenheid. As deel van hierdie verbintenis het die Kalfieees onlangs ook as



KALFIEEES
HERMANUS KUNSTEFEEES

5 - 10 AUGUSTUS

Boekefees

Komedie

Drama

Musiek



BESPREEK VANDAG
www.kalfieees-hermanus.co.za

tixsa
Making Great Events Happen

medeprojekteenaar by **Creative Space** se **Clean to Feed**-inisiatief aangesluit – 'n projek wat die fees se visie weerspieël om deur samewerking 'n tasbare verskil in die gemeenskap te maak.

Daarby skep die Kalfieees jaar ná jaar 'n betekenisvolle ekonomiese inspuiting vir die Overstrand. Gastehuse, restaurante, koffiewinkels, galerye, winkels en talle klein ondernemings verwelkom besoekers van regoor Suid-Afrika. Vir baie plaaslike ondernemings is die fees nie net 'n kulturele hoogtepunt nie, maar ook 'n belangrike dryfveer vir ekonomiese groei gedurende die wintermaande.

Die Kalfieees vereer vanjaar ook die buitengewone bydrae van **Anton**

Goosen, wat as die fees se **Teëltjewenner vir 2026** aangewys is. As een van die invloedrykste liedjieskrywers in die geskiedenis van Afrikaanse musiek het Goosen oor meer as vyf dekades nie net die landskap van Afrikaanse musiek help vorm nie, maar ook die weg gebaan vir nuwe generasies kunstenaars. Die toekening is 'n gepaste huldeblyk aan sy blywende nalatenskap en sy onskatbare bydrae tot die Suid-Afrikaanse kultuurerfenis.

Die verhoog is waar die stories vertel word, maar die ware Kalfieees-verhaal word egter geskryf in die lewens van die mense wat daardeur geraak word – die jong kunstenaar wat vir die eerste keer sy eie lied sing, die entrepreneur wie se onderneming nuwe momentum kry, die vrywilliger wat sonder erkenning help bou, die biblioteek wat 'n kulturele ontmoetingsplek word en die gemeenskap wat ontdek dat kuns nie net vermaak nie, maar mense verander.

Dis waarom die Kalfieees veel meer is as 'n kunstefees.

Dit is die hartklop van 'n gemeenskap.



Hester Finberg (Feesdirekteur)
Tosca Korver (Bevoording en Administratief)
Debbie van Vuren (Leefstylbestuurder)



The Kalfiefees is a celebration of *creativity, community & culture* in our beautiful town. Let's come together to make this festival one to remember!

KALFIEFEES
HERMANUS KUNSTEFEEES



OCCUHEALTH SERVICES

SR Ester Ernst

Occupational Health & PHC Nurse Practitioner

082 879 1025

ester@occuhealthservices.co.za

I do medical assessments with Annexure A included for company employees



AFRICAN PENGUIN & SEABIRD SANCTUARY

www.dict.org.za



MARINE DYNAMICS

www.marinedynamics.co.za



THE TINY BIG HOUSE
PodHOMES
MODULAR BUILDINGS

KEY FEATURES

- Customizable
- Eco Friendly
- Versatile
- Durable & adaptable to any climate

CONTACT US

+27 73 075 2128

www.tinybighouse.co.za

sales@tinybighouse.co.za



MARINE DYNAMICS

www.marinedynamics.co.za



FICKS

www.ficks.co.za

8 Marine Drive, Westcliff, Hermanus



GREAT WHITE HOUSE

www.thegreatwhitehouse.co.za




Die VIS Fabriek

FROZEN FOODS

This Weeks Specials

OFFER VALID FROM 5 AUGUST - 9 AUGUST 2026.
While Stocks Lasts.



T&C's Apply - The picture of the product in the advertisement may differ to the one instore.

2KG PLAIN/SPICY BURGERS R114⁹⁹ each	1KG SUPREME PATTIES R54⁹⁹ each	5KG CHICKEN LEG 1/4 R199⁹⁹ each	5KG CHICKEN THIGHS R189⁹⁹ each	700G VIS FABRIEK BRAAI SNOEK R59⁹⁹ each	700G SEAFOOD MIX R44⁹⁹ each
2L BWEEL COOKING OIL R52⁹⁹ each	1KG SUPREME NUGGETS R54⁹⁹ each	1KG SUPREME CHICKEN STRIPS R61⁹⁹ each	1KG CHICKENTIZER STRIPS R61⁹⁹ each	8x5x65G EEZEE NOODLES BOX R129⁹⁹ each	8X5X80G HOT & SPICY INDOMIE NOODLES R179⁹⁹ each
1.4KG MOROCCAN/ MZANZI/THAI BURGERS R49⁹⁹ each	20X90G PAPAS JOY BURGERS - BEEF/TEXAN/DHANYA R59⁹⁹ each	1.5KG PAPAS JOY MEDALLIONS BURGERS R49⁹⁹ each	2.5KG VIS FABRIEK CHIPS R57⁵⁰ each	500G EEZEE PASTA R9⁹⁹ each	750G MAYONNAISE R31⁹⁹ each

OVERSTRAND MUNICIPALITY

ADJUSTMENTS BUDGET (ROLL-OVER PROJECTS) 2026/2027: ADJUSTMENTS BUDGET AND REVISED SERVICE DELIVERY AND BUDGET IMPLEMENTATION PLAN (SDBIP) FOR 2026/2027

Notice is hereby given in terms of section 21A of the Local Government: Municipal Systems Act, 2000 (Act 32 of 2000) that Council approved an Adjustments Budget for 2026/2027 on 29 July 2026 in terms of section 28(2)(e) of the Local Government: Municipal Finance Management Act, 2003 (MFMA).

The documents will be available for perusal during office hours at the offices of the Managers: Community Liaison in Gansbaai/Stanford, Hermanus and Kleinmond, in all the public libraries in the Overstrand, the Corporate Head Office of the municipality in Hermanus and on the municipality's website at www.overstrand.gov.za under Documents > Budget/SDBIP.

OVERSTRAND-MUNISIPALITEIT

AANSUIWERINGSBEGROTING (OORROL PROJEKTE) 2026/2027: AANSUIWERINGSBEGROTING EN HERSIENE DIENSLEWERING EN BEGROTINGSIMPLEMENTERINGS- PLAN (SDBIP) VIR 2026/2027

Kennis geskied hiermee ingevolge artikel 21A van die Wet op Plaaslike Regering: Munisipale Stelsels, 2000 (Wet 32 van 2000) dat die Raad 'n Aansuiwerings-begroting vir 2026/2027, ingevolge artikel 28(2)(e) van die Wet op Plaaslike Regering: Munisipale Finansiële Bestuur, 2003 (Wet 56 van 2003), op 29 Julie 2026 goedgekeur het.

Die dokumente is gedurende kantoorure ter insae by die kantore van die Bestuurders Gemeenskapskaking in Gansbaai/Stanford, Hermanus en Kleinmond, in alle openbare biblioteke in die Overstrand, die Korporatiewe Hoofkantoor van die munisipaliteit in Hermanus en op die munisipaliteit se webwerf by www.overstrand.gov.za onder Documents > Budget/SDBIP.

UMASIPALA WASE-OVERSTRAND

UHLENGHALENGISO LOHLAHLA LWABIWO-MALI (IPROJEKTHI- EZIQHUBEKA KUNYAKA- MALI OLANDELAYO LUKA- 2026/2027: UHLENGHALENGISO LOHLAHLA LWABIWO-MALI KUNYE NOKUHANJISWA KWEENKONZO OKUHLAZIYIWEYO KUNYE NESICWANGCISO SOKUPHUNYEZWA KOHLAHLA LWABIWO-MALI (SDBIP) KA-2026/2027

Isaziso siyanikezelwa ngokwemiqathango yeCandelo 21A loRhulumente weNgingqi: uMthetho weNkqubo zikaMasipala, 2000 (uMthetho 32 ka-2000) sokuba iBhunga liphumeze uHlahlo lwabiwo-mali lohlengahlengiso luka-2026/2027 ngomhla wama-29 EyeKhala 2026 ngokwecandelo lama-28(2)(e) kuRhulumente weNgingqi: uMthetho woLawulo lweMali kaMasipala, ka-2003 (MFMA).

La maxwebhu aza kufumaneka ukuze ahloliswe ngeeyure zeofisi kwii-ofisi zabaPhathi Bonxibelelwano Loluntu e-Gansbaai/e-Stanford, e-Hermanus, e-Kleinmond, kunye nakuwo onke amaThala eeNcwadi oLuntu e-Overstrand, i-Ofisi eyiNtloko yeNkampani kaMasipala eHermanus nakwiwebhusayithi kaMasipala ethi-www.overstrand.gov.za phantsi kwamaxwebhu Documents > Budget/SDBIP.

Dr DGI O'Neill
Municipal Manager / Munisipale Bestuurder / Umphathi Kamasipala
P.O. Box / Posbus / Ibhokisi yePosi 20 HERMANUS 7200

Notice No /Kennisgewing nr / Inombolo yesaziso: 160/2026

157319



Contact us to
Advertise:

Janine: 072 931 1431 / janine@gansberg.co.za
Erika: 072 499 5211 / erika@gansberg.co.za



VACANCY / FAKATURE

Kleinhandelbestuurder / Junior Boekhouer

Ons is op soek na 'n energieke en georganiseerde persoon met uitstekende menseverhoudings- en kliëntediensvaardighede, natuurlike leierskapseienskappe en die vermoë om verskeie take gelyktydig te kan hanteer. Vorige ondervinding in die kleinhandelbedryf is 'n vereiste vir hierdie pos.

Verantwoordelikhede sluit in:

- Opleiding, toesig en prestasie-evaluering van personeel; opstel van werkskedules en toewysing van skofte;
- Toesig oor pryse en voorraadbeheer; maksimalisering van winsgewendheid en die stel en bereiking van verkoopsdoelwitte, asook die motivering van personeel om hierdie doelwitte te bereik;
- Bestelling van voorraad om deurgaans voldoende vlakke te handhaaf; kontrolering en daaglikse afhandeling van kontantstate;
- Opstel en instandhouding van maandelikse begrotings; vaslegging van finansiële transaksies in die korrekte joernale en verwerking daarvan na die toepaslike grootboekrekeninge in Pastel/Xero;
- Bestuur van kleinkas;

- Verseker dat verskafferfakture betyds betaal word; uitreik van fakture en rekeningstate aan kliënte en opvolg om tydige betaling te verseker;
- Verseker dat brondokumente en ander relevante dokumentasie korrek geliasseer word;
- Verskaffing van relevante finansiële dokumente en rekords aan rekenmeesters en ouditeure; algemene administratiewe ondersteuning;
- Bemaking van LPG-voorsiening.

Voorkeur sal gegee word aan kandidate met ondervinding in **XERO**, **VEND** en verwante kantooradministratiewe funksies. Kandidate moet ook ten volle vaardig wees in **MS Office**, met spesifieke klem op **Excel**. Stuur asseblief jou **CV** en 'n **motiveringsbrief** waarin jy verduidelik waarom jy die geskikte kandidaat vir hierdie pos is, na ops@marinedynamicstravel.com.

Indien u nie binne **14 dae** vanaf die sluitingsdatum van die advertensie van ons verneem het nie, aanvaar asseblief dat u aansoek onsuksesvol was. Ons bedank u vir u belangstelling in die pos.


Aanvangsdatum: So gou as moontlik (ASAP)

Salaris: Volgens ondervinding

Gansbaai Golfklub

Leon Lombaard & Peet Pretorius palm 4BBB Stableford in

